


Die Penniefluitjie



Liewe Maats

Ja, uiteindelik het julle in die Junior Kategese in Rietfontein-Suid jul eie maandblad!

Heel eerste moet ek julle vertel hoekom dit so genoem word. Nou ja, vir die grootmense is daar mos elke maand die **Rietfluit** wat vir hulle allerhande nuus vertel van wat in ons gemeente gebeur. Met 'n fluit speel mens mos 'n deuntjie wat ander se harte bly maak of natuurlik hartseer ook. Net so vertel die **Rietfluit** partykeer van mense wat swaarkry, maar die meeste kere vertel dit van goeie dinge wat in ons gemeente gebeur en al die wonderlike dinge wat God vir ons doen.

Die **Penniefluitjie** is ook 'n soort fluit, maar net kleiner en daarmee gaan ons ook liedjies speel – met ander woorde, ons gaan vir julle nuus vertel ten opsigte van wat in die Junior Kategese gebeur. Die belangrikste is egter dat ons oor Jesus gaan praat!

Vir die maats wat al kan lees, gaan daar van nou af elke maand iets interessant wees – dalk 'n storie of 'n raaisel, wie weet? Vir die outjies wat nog nie kan lees nie, gaan ons ook elke maand iets gee om te doen, of dalk kan Pappa of Mamma vir julle voorlees...

Die **Penniefluitjie** is jul eie maandblad en julle kan ook bydraes lewer. As jy wil vertel van iets wat Jesus vir jou gedoen het, skryf dit op 'n briefie met jou naam, van en in watter graad jy is en gee dit vir jou Kategeet. Hulle sal sorg dat dit by my uitkom en ons maak dit dan deel van die volgende uitgawe.

'n Fluitjie speel nie vanself nie, maar iemand moet dit vat en daarop blaas – en dit gaan ons sowaar hierdie jaar doen, sodat ons hierdie **Penniefluitjie** se deuntjie sommer nog baie gaan hoor!

Groete in Jesus

Tannie Lita


*Liewe Maats,
Ek is so bly julle is
deel van ons
gemeente. Ek hoop
julle het sommer 'n
fantastiese jaar by
die Kategese!*

Ds Leon Tait

Geagte Ouers,
Ons waardeer dit dat u die
moeite doen om u kind aan
die Kleuterkerk, Kinderkerk
en Kategese te laat
deelneem.

Ons as gemeente is baie lief
vir ons kinders en sal graag
alles in ons vermoë doen
om hulle meer van hul
Verlosser Jesus te leer.

Kategesegroete, Ds Tait



Geanker in Jesus



Liewe Ouers,

Ons gaan julle nie vergeet nie. In elke maandblad sal daar vir julle ook iets wees om saam met jul kinders te doen.

Ons raak vreeslik lief vir julle kinders hier by die Kategese en daarom wil ons graag saam met julle bou aan hul karakters en hulle help om hul kennis van God uit te bou. Nie net dit nie, maar ons bede is dat elkeen van die kinders in ons voorbeeld die liefde van Jesus sal sien.

In Spreuke 1 sê Salomo dat wysheid verkry word deur die Here te dien. Beide die ouers, vader en moeder, word ingesluit in die onderrigproses en ons glo dat dit ook vir ons as Kategete insluit.

Ons wil julle aanmoedig om jul kinders se Kategete te leer ken en saam met hulle die pad van onderrig in die Woord te loop.

Moenie huiwer om met jou kind se Kategete te kom kennis maak of selfs 'n afspraak te reël as daar iets is wat pla nie. En deel asseblief ook hul prestasies met ons!

Mag 2006 'n wonderlike jaar vir julle as gesinne wees waarin julle die liefde van Jesus van nuuts af saam sal ondervind!

Lita Spreeth(red.)

Bybelvasvra – toets jou kennis!

Daar word van baie soorte bome in die Bybel gepraat - skommel die letters om uit te vind watter soorte is hier weggesteek:

- kkeráboom (2 Sam 18:9-10)
- newjeerhout (1 Kon 10:11-12)
- steromd (Luk 17:6)
- aamtsirk (Gen 21:33)
- liwregboom (Ps 137:1-5)

(Die antwoorde is iewers in die Penniefluitjie versteek, maar soek dit eers self op!)



Rietfluit Redaksiehuis,
Boom 3, Tak 4,
Rietfonteinspruit

Liewe Penniefluitjies


O, dis so lekker om weer met julle te gesels! Vir my was dit 'n lang en warm Desember. Die rivier se water het begin min raak en dit het veel meer stompe gekos om ons huisdam vol te hou.

Baie maatjies het laat weet dat hulle 'n "sonskyn en sand" vakansie gehad het! Wonderlik nè!! En wie is vir die eerste keer groot skool toe?? By die stompskool leer die klein bewertjies baie oor die natuur en waterbesparing. Skryf asb vir my wat julle alles oor die natuur leer dat ek julle briefies


aan die bewertjies kan voorlees
Gooi asb al die briefies in die Rietfontein-



oor



Kom ons vat hande en bid dat mense die wêreld Jesus as Verlosser sal leer ken.



Vra vir Pappa en Mamma om saam met jou te kyk hoe ons “gemeentetrein” se trokke almal saamwerk om die goeie boodskap van Jesus se liefde aan ander oor te dra



Kategete vir 2006





**Kontakbesonderhede
Die Penniefluitjie**
Lita Spreeth (red.)
Sestiendelaan 622C
Rietfontein, 0084

Selfoon: 082 453 8421
Werk: (012) 422 4908
Faks (werk): (012) 422 5192
Epos: lspreeth@sars.gov.za

Boekmerk vir jou Bybel:

Hierdie maand kan jy jou eie boekmerk maak om in jou Bybel te sit. Jy het net 'n skêr, karton, kunsmessie en 'n gomstiffie nodig. En natuurlik inkleurkryte of verf om dit mooi te maak!



- Kleur eers die prentjie in, plak dit op karton en knip dan uit. Vra iemand om jou te help as jy nog nie mooi op die lyne kan knip nie.
- Sny met 'n kunsmessie op die stippellyne van die "lyf" en druk die "pote" daarin, sodat dit skuins na die onderkant toe wys. Plak aan die agterkant vas.
- Plak dan die hond se kop op die voorkant vas en skryf jou gunsteling Bybelversie daarop!

Antwoorde vanaf vorige bladsy:

1. Akkerhoutboom; 2. Jenewerhout; 3. Mosterd; 4. Tamarisk; 5.

Wilgerboom